

Doop en die Verbond.

Met die uittrek van ons voorouers uit Egipte het YAH hulle reguit na die Rooisee toe gely. Hoekom? Sodat die volk gedoop moet word. Ja voor ons voorouers die wette van Moses ontvang het was hulle onder die heidense (*Ha satan*) wette. Deur die 'see doop' is die hele volk weer gebore uit 'n wagtende toestand (*430 jaar*) tot 'n nuwe Lewe. Daardie doop was 'n nuwe geboorte tot ontwaking in die Adamitiese ras. Met daardie volkse ontwaking (*deur YAH se wil*) kom die gedoopte volk uit daardie 430 jaar gevangenskap

Die doop van die volk was die voorganger vir die huwelik-verbond met YAH. Dit kan gesien word as 'n verlowing wat ons voorouers met YAH aangegaan het. Hulle het belooft om trou te bly en ewiglik te doen wat YAH behaag. Soos ons weet het die volk gehoereer en ander gode aanbid en daardeur het hulle weereens in Ha satans mag geval weens die huwelik-verbond verbreking. So het die skeiding dus gevolg waarvan die volk 'Man-loos' geword het.

Nou, ons as die hoer volk (*deur voorvaderlike Wetsoortredinge*) was daar vir ons geen uitkoms nie. Deur ons voorvaders se swakheid om die Wette te onderhou het Ha satan YAH se Wette gebruik om siele vir hom te werf. Ja die geringste (*Wit leuentjie*) oortreding van die Wette van Moses was ons skuldig tot veroordeling. Dus staan ons voorvaders met Ha satan in die ry tot die ewige dood. Skuldig was ons voorvaders en kon nie meer gered word deur mooi gebede of vrome dade nie, m.a.w. hulle was in gevangenskap en niemand kon hulle bevry sodat hulle weer kon terug gaan na hulle huwelik-dae nie. VADER het wel 'n Lossings Wet (*bevryding*) in die verbond met SY volk gehad (*Waarvan Ha satan wel bewus was*) waarvan die volk van gewet / nie gewet het van nie. Tog staan dit duidelik in die ou en nuwe Verbond:

Ps. 14:7 Ag, mag die Lossing van Israel Yashar'EL uit Sion kom! As YAH die lot van Sy volk verander, dan sal Jakob juig, Israel Yashar'EL sal bly wees. Jes. 45:17 Israel Yashar'EL word gelos deur YAH met 'n ewige Lossing; julle sal nie beskaamd staan of in die skande kom tot in alle ewigheid nie. Luk 1:68 Geloofd sy YAH, die Skepper van Israel Yashar'EL, omdat Hy Sy volk besoek het en vir hulle lossing teweeggebring het, 1Joh 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as Losser van die wêreld gestuur het. Jak. 1:25 aan die alleenwyse YAH, ons Losser, kom toe lofwaardigheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amein. Hand. 5:31 Hom het VADER as Leidsman en Losser deur Sy regterhand verhoog om aan Israel Yashar'EL bekering en vergifnis van oortredinge te skenk. 1 Pet. 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, :19 maar deur die kosbare bloed van dié Gesalfde, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,...:21 julle wat deur Hom glo in VADER wat Hom uit die dode opgewek en Hom lofwaardigheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op VADER kan wees.

YAH het gekom as SHA, m.a.w. YAH-U-'SHA'. Hy het gekom om ons te versoen met VADER deur die Lossings Wet van VADER! Soos ons weet kan die losser slegs 'n "biologiese bloedlyn" broer wees. Duidelik sê YAHUSHA op die laaste Pasga: *Dit (julle) is My vlees en dit (julle) is My bloed.* As YAHUSHA nie met Sy naaste (*Saksers / Jakob seuns*) wou werk, leer of te doen wou he nie, sou daar nie vir die uitverkore 'n ewige (*lewe*) Lossing gewees het nie. As YAHUSHA nie geveg het vir Sy bloed of ingetree het tot die dood vir ons wat Sy naaste (*Biologiese Broer*) is nie sou daar nie vir ons 'n uitkoms gewees het nie.

Min weet dat toe YAHUSHA na die aarde gekom het, het Hy kom vervul (*vol kom maak, klaar kom maak Joh.19:30*) wat die *Yashar'EL* nie kon doen nie. YAHUSHA het die Wette wat in die Verbonde is uit Ha satans mag geneem en dit kom vervul. 'n Verbond (*as 'n houer*) is tot beskerming van die Wette daarin. Dit is soos enige houer wat dig toe moet wees om die inhoud te beskerm. Was dit nie vir die omhulsel nie sou die produk (*Wette*) bederf of beskadig geword het. Wat onthou moet word is dat Ha satan (*en sy magte*) met groot begeerte sit en gewag het dat die volk die Verbonde (*houer*) moet breek. Dit was vir Ha satan onmoontlik om YAH se Verbond te kon breek, want eerstens het YAH dit duidelik gestel: Dit wat Hy geplant het Hyself sou uitruk, dit wat Hy gebou het Hyself sal afbreek Jer.45:4. Tweedens het Hy net met die *Yashar'EL* 'n huwelik Verbond aangegaan en nie met Ha satan nie. Dus kon slegs YAH die Verbonde oproep of weer herstel weens verbreking daarvan.

Nou kan ons vra: Wat baat (*die Verbonde*) dit ons as Ha satan beheer en eienaarskap oor ons het (*Weens skeiding*)? Baie dink dat ons nog sit met Verbonde wat ons beskerm. Ha satan ken die Verbonde en Verordeninge wat YAH met ons gedoen het en soos ek bo genoem het ken Ha satan die Skrifte waar dit duidelik uitgespel word in Deut. 28 en vele ander plekke wat geskryf is dat waar die staf en selfs verwerping intree. Hard en duidelik het YAH met die volk gepraat op die berg Sion en so ook met Moses waarvan hy dit in 'n boekvorm ontvang het en langs die Verbondsark geplaas het.

Ha satan kon nie die inhoud (*Wette*) of die Verbonde beskadig nie, want hy het dit nie gemaak of gesluit (*verbind / vasgemaak / kontrak*) met die volk nie. Dit kan slegs die Verbond stigters wees nl. YAH of die *Yashar'EL* volk. Ha satan se taktiek (*spel*) lê baie dieper met YAH se uitverkorenes as wat die oog en die verstand van 'n mens kan verstaan. Dit is asof Ha satan besig is om met YAH skaak te speel, maar met die verskil dat YAH nie saamspeel nie. Dus as hy op die bord 'n skyf maak vir die swart span dan draai hy die bord om en skuif dan vir die wit span ook. Ha satan is besig om met ons te speel wat aan die ewige lewe behoort. Dit is asof Ha satan YAH uittart met sy eie spel.

Die dag toe ons vaders 'n Verbond met YAH aangegaan het, het ons vaders ons verbind met die ewigheid (*ewige Lewe of ewige hel*). Soos ons weet het ons die Verbonde verbreek. Eers was dit individuele verbreking waarvan die individue gestenig geword het as voorbeeld en tot beskerming vir die res van die volk om nie in die ewige verdoemenis in te val nie. Later het die hele volk die verbonde begin verbreek waarvan YAH hulle kort, kort onder 'n vreemde volk geplaas het dat hulle, hulle moet bekeer. Met die koningskap wat later ingetree het was ons op pad oop oë hel toe (*toe die volk nie meer YAH as Koning wou he nie*).

Met die verwerping, verbreking of skeiding het Ha satan ingetree as ons heerser en koning. Toe die volk nog in die Verbond-tydperk was, was daar beskerming, maar toe dit nie meer in werking was nie het Ha satan ons gevat as syne. Daarom het die bose en besetenheid ingetree onder die volk wat op baie plekke in die Skrif gelees kan word. Lees gerus waar 'n dissipel van YAHUSHA 'n goeie voorbeeld is wat Ha satan gebruik het nl.: Petrus, waar hy deur YAHUSHA bestraf was toe Hy gesê het: *'Gaan weg satan'* Matt.16:23.


Lees nou aandagtig die volgende.

Hoekom sê die Hebreërs skrywer in 5:5-11 dat YAHUSHA 'n Hoëpriester gaan word en ook dat daar 'n nuwe orde gaan kom om Hom een te maak? Waar lees ons in die Skrif dat VADER sê: Volgens Melgisédek is YAHUSHA nou 'n Hoëpriester as HY alreeds een het? Slegs twee plekke lees ons van priesterskap en dit is in Gen.14:18 en Ps.110:4. As jy Melgisédek ondersoek sal jy sien dat Hy VADER se uitverkore Priester en Koning is. Hoekom sal YAHUSHA in Joh 17:5 sê: *En nou, VADER, verhef My by Uself met die lofwaardigheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.:24 VADER, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My lofwaardigheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.*

Die gelykenis in Luk. 19:12 staan..: *'n Man van hoë geboorte het na 'n verland gereis om vir homself 'n koningskap te ontvang en dan terug te kom.* Waarvan Open. 19:6 dit bevestig nl: *En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want YAH ons Skepper, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.*

In Heb. 7:1-3 staan dit dat Melgisédek die tiende deel van alles ontvang het! Is dit nie omdat Hy YAH is nie (Mal.3:10).

Lees gerus saam met my Heb. 7:13,14 *omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan 'n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie. :14 Want dit is volkome duidelik dat onse YAHUSHA uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie. !! Hierdie is 'n poging van die duisternis.!* Kom ons volg eers die bloedlyn van YAHUSHA en dan verder.



YAHUSHA was in beide die koninklike bloedlynne. Die bloedlyn van David wat die vleeslike verteenwoordig en Levi wat die geestelike verteenwoordig. YAHUSHA Koning en Priester lank voor die grondlegging en so ook daarna.

YAHUSHA sê tog duidelik in Matt. 5:17 *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.* Ha satan smag na die geestelike priestersamp van YAHUSHA waarvan Ha satan tans die koningskap van die vleeslike het. Ps. 89:35 en verder staan: *Ek sal My verbond nie ontreinig nie, en wat oor My lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. :36 Een maal het Ek gesweer by my reinheid: Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie! :37 Sy nageslag sal vir ewig wees en sy troon soos die son voor My.*

Luk 1:32 *Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en VADER (Sy) Skepper sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid (Dawid beteken geliefde en daarom is dié Seun, VADER se geliefde. Dit beteken dus: VADER se troon aan SY Geliefde seun YAHUSHA) gee, :33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.*

Net in kort, 'Melgisédék' beteken 'MY KONING IS GEREGTIGHEID'

Ter afsluiting.

YAHUSHA het gekom as Losser vir Sy 'broers' wat in gevangenskap was deur 'n skuldilas wat hulle hulself aangedoen het. YAHUSHA kan en sal nie weer kom as Losser nie, want die ou Verbond is volbring en kan dus nie meer gebruik word nie. Sonder Verbonde (die houer) waarvan die Wet geopenbaar lê en wag vir die volgende Verbonde.

Die Wet wat beskerming gebied het lê en wag om ons weer te beskerm ('n Brose tydperk waarvan aanvalle van Ha satan en sy magte met wellus maai onder die volk, o.a. besnyding, Sondag verering, heidense feesdae en Joodse lewenswyse en gewoontes), maar die wat onder YAHUSHA staan sal Sy beskerming ontvang. Ja, die wat onder YAHUSHA staan, staan in Sy Wette wat Moses op 'n stadium hanteer het. YAHUSHA het op verskeie plekke genoem dat die Wet nie ontbind is nie, maar inteendeel eerder verskerp geword het. Wat onthou moet word is dat die Verbond en sy teken iets van die verlede is, maar nie die Wette nie.

Net in kort oor die doop wat 'n voorbereiding is van die Nuwe Verbond.

1) Die water doop is die eerste stap wat gedoen moet word. Daar moet 'n inkering en bekering wees, m.a.w. wet-oortredings besef en 'n omdraai sodat jy YAHUSHA kan aanskou en vergifnis kan smee. Met die geleentheid kry jy die voorreg om Ha satans mag en sy wet (*Doen wat jy wil*) van jou af te was.

2) Die tweede is die vuurdoop en dit is waar baie faal. Om deur die water te gaan kan die insluiper ook inkom, maar kan nie by die vuurdoop verby kom nie. Wat onthou moet word is toe die dissipels aan YAHUSHA genoem het dat hulle ook die (vuur) doop (*Wat Hy sou moes deurmaak*) moet deurmaak (*Waarvan YAHUSHA dit nie ontken het nie*) en waarvan hulle en YAHUSHA reeds die water doop gehad het. Die vuurdoop skop af en beteken: (a) Die erkenning dat YAHUSHA die Seun van VADER is; nie dat dit YAHUSHA, VADER in vlees is nie, maar wel 'n volgende Wese. (b) Dat YAHUSHA gekom het net as Losser vir die uitverkore kinders van Jakob en dat Hy slegs vir hulle kom sterf het, want die Wette wat hulle oortree het was net oor hulle uitgeroep. (c) Dat YAHUSHA weer gaan kom as YAH ons Koning wat weer gestuur gaan word deur VADER. (d) Dat ons biologiese kinders van VADER is in die hemele. (e) Gepaardgaande is die toets en beproewinge. Is jy vasstaande en onverskrokke?

Al die erkennings en werke wat die vuurdoop aangaan moet jy doen. Jy moet nie bang of skaam wees daarvoor nie, want die vuurdoop is jou lewensloop en loutering-proses op aarde na die afwassing van oortredings.

3) Die derde is die Rein Geestelike doop wat van VADER af kom. Dit is die geboorte van bo wat 'n nuweling in VADER se huis is. Met dit wat VADER in jou sien (*deur die vuurdoop*) gaan HY jou die voorreg gee om die geboorte van bo te ontvang in die 1000 jaar van vrede waar HY en SY Seun sal wees.

Min, of geen, kom tot die derde doop, want misleiding en verdeling is die wêreld van Ha satan. In YAHUSHA en die dissipels se tyd het baie die Gees van VADER ontvang, maar oor die eeue het Ha satan sy slag geslaan.

Verblydend kan ek noem dat ons in die tyd van openbaringe is en dat baie reeds in die vuurdoop is.

Matt.3:7,11; Hand.2:38,41; 8:12,13,36 – 39; 9:18; 10:47,48; 1Pet.3:19 - 21